The miracles of science™

ACCENT®

Reg. No. L5157 Act No. 36 of 1947

Reg. Nr. L5157 Wet Nr. 36 van 1947

A water dispersible granule, selective post-emergence grass and broadleaf herbicide, which controls existing wild sorghum types, Johnson grass and some grass and broadleaf weeds in maize. For full particulars see attached label.

'n Selektiewe waterdispergeerbare korrel onkruiddoder vir na-opkoms beheer van bestaande wildesorghum tipes, Johnsongras en sommige gras en breëblaar onkruide in mielies. Vir volledige besonderhede sien aangehegte etiket.

HERBICIDE GROUP CODE B ONKRUIDDODER GROEP KODE

ACTIVE INGREDIENT		**AKTIEWE BESTANDDEEL**
Nicosulfuron (sulfonyl urea)	.....750 g/kg.....	Nicosulfuron (sulfonielureum)

Nett Mass **240 g** **Netto Massa**

REGISTERED BY / GEREGISTREER DEUR:

DUPONT DE NEMOURS SOUTH AFRICA
(PTY) LTD
Co. Reg. No. : 2009/014079/07
P. O. BOX / POSBUS 3332
HALFWAY HOUSE 1685
Tel: (011) 218 8600

24 HOUR / UUR EMERGENCY NUMBER / NOODNOMMER: 083 123 3911

UN No. / VN Nr. 3077

BATCH NUMBER		LOTNOMMER
DATE MANUFACTURED		DATUM VERVAARDIG



CAUTION
VERSIGTIG

Copyright © 2011 DuPont. All rights reserved. The DuPont Oval Logo, DuPont™, The miracles of science™ and ACCENT® are registered trademarks or trademarks of DuPont or its affiliates.

WAARSKUWINGS:

- Laat 60 dae toe tussen toediening en oes van mielies.
- Kan oë, neus, keel and vel irriteer.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Bêre in 'n koel droë plek.
- HERBETREDING: Moet nie behandelde gebied betree alvorens die spuitneerslag droog is nie, tensy beskermende oorklere gedra word.
- Bêre weg van voedselware, voer, saad en ander landboumiddels.
- Indien die aanbevole dosis oorskry of afgewyk word van die aanbevole tyd van toediening, kan skade aan gewasse veroorsaak word.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beinvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die onkruid teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS:

Moet nie eet, drink of rook terwyl die produk gebruik word nie.
Vermy besoedeling van voedsel, voer, drinkwater waterbronne en eetgerei.

Vir veiligheid tydens vermenging:

- Moet nie die stof inasem nie.
- Dra ‘n gesigskerm en rubber handskoene wanneer die korrels hanteer word.
- Indien die produk in u oë kom, was dit onmiddellik met water uit.
- Indien dit op u vel kom, was dit dadelik met water en seep af.
- Indien dit op u klere mors, trek uit en was dit.

Vir veiligheid tydens bespuiting:

- Moet nie die spuitnewel inasem nie en vermy kontak met die sproei sover moontlik.
- Vermy oorwaai van die spuitnewel na ander gewasse, weiding, riviere, damme en gebiede wat nie onder behandeling is nie.

Vir veiligheid na bespuiting:

- Was uself.
- Trek werksklere uit en was dit.
- **Maak toediener deeglik skoon na gebruik. Gebruik die volgende metode:**
  i. Dreineer tenk en spoel tenk, spuitbalk en pype met skoon water uit. Dreineer weer.
  ii. Vul tenk met skoon water en voeg huishoudelike ammoniak (bevat 3 % aktief) by teen 'n konsentrasie van 1 ℓ per 100 ℓ water. Sirkuleer die ammoniak oplossing deur tenk, spuitbalk en pype vir ten minste 15 min. Dreineer heeltemal.
  iii. Om ammoniak oorblyfsels te verwyder spoel die tenk met skoon water uit en deurspoel die spuitbalk en pype.
  iv. Herhaal (ii).
  v. Spuitkoppe en filters moet verwyder word en apart skoon gemaak word met 'n ammoniakoplossing van dieselfde konsetrasie soos hierbo.
  vi. Enige kontaminasie aan die buitekante van die spuittoerusting moet verwyder word deur dit met skoon water te was.
  vii. Vermy bespuiting, leegmaak of uitspoeling van toerusting op of naby gewenste bome of plante of binne hul wortelsone.

WEGDOEN VAN LEË HOUERS:

- Houers en verpakkings moet heeltemaal leeggemaak word voordat hulle vernietig word.
- Skud die houer deeglik uit in die toediener se stortbak.
- Spoel daarna die leë houer drie keer uit met ‘n volume water gelykstaande aan ‘n minimum van 10 % van die inhoud van die houer en gooi die spoelinhoud terug in die spuittenk voordat die houer vernietig word op die voorgeskrewe metode.
- Vernietig die leë houer deur gate in te pers en plat te druk en moet vir geen ander doel gebruik nie.

WEERSTANDSWAARSKUWING

ACCENT® is ‘n groepkode B onkruiddoder. Enige populasie van ‘n spesifieke onkruid mag individue insluit wat ‘n natuurlike weerstand teen **ACCENT**®, of enige ander groepkode B onkruiddodoer het. Indien hierdie onkruiddoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruid populasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende onkruide sal waarskynlik nie deur **ACCENT**® of enige ander groepkode B onkruiddoder beheer word nie.

Om weerstand teen onkruiddoders te vertraag:

- Vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van onkruiddoders met dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende onkruiddodergroepkodes.

- Integreer ander beheermaatreels (chemies, verbouing, biologies) in onkruiddoder programme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

GEBRUIKSBEPERKINGS:
Indien sekere klimaatstoestande (langdurige nat en koue toestande) voorkom kort na toediening, kan die gebruik van **ACCENT**® lei tot tydelike vergeling of verdwerging van die gewas.

1. **Opvolggewasse:**
   Die hoeveelheid **ACCENT**® wat in die grond teenwoordig is, is afhanklik van die dosis wat gebruik is, grond pH, organiese materiaal inhoud, tydsverloop en klimaats- en weertoestande sedert **ACCENT**® toediening.

Minimum tydsverloop vir opvolggewasse:

Grond pH laer as 7.0		**Grond pH bo 7.0**	
Gewas	**Maande**	**Gewas**	**Maande**
Mielies	0	Mielies	0
Kleingraan (Koring, Gars, Hawer), Sojabone, Droëbone, Sonneblom	8	Kleingraan (Koring, Gars, Hawer), Sojabone, Droëbone, Sonneblom	12
Sorghum en alle ander gewasse	12	Sorghum en alle ander gewasse	24

2. **ACCENT**® het beperkte nawerking op ontkiemende onkruide, waarvan die beheer beïnvloed word deur faktore soos onkruidspesies, grond-pH en grondvog.
3. Onder geen omstandighede moet die spuitmengsel oornag laat staan word nie.
4. Moet nie **ACCENT**® gebruik op mielies wat onder stremming is nie (stremmingstoestande kan veroorsaak word deur versuiping, droogte, siektes, insekskade en voedingstoftekorte veral stikstof.)
5. **Verdunningswater:** Gebruik slegs water waarvan die kwaliteit geskik is vir oorhoofse besproeiïng.

VERENIGBAARHEID:
1. Moet nie **ACCENT**® gebruik in kombinasie met organofosfaat insekmiddels, bv. monocrotophos, triasofos binne 14 dae na so ‘n toediening nie.
2. Moet nie **ACCENT**® gebruik waar organofosfaat korrel insekdoders soos terbufos en foraat in die ry toegedien is nie.
3. Die beperkings in punte 1 en 2 hierbo geld nie vir karbamaat tipe insekdoders nie. Vir verdere inligting raadpleeg tegniese adviseur.
4. **ACCENT**® is verenigbaar met Atrasien 500 SC (Reg. Nr. L498 Wet Nr. 36 van 1947)

GEBRUIKSAANWYSINGS: **GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI**

Dien **ACCENT**® na opkoms van die gewas en die onkruide toe. Maak slegs genoeg spuitmengsel vir onmiddellike gebruik aan op die volgende wyse:

VOORAFVERMENGING:
Meng die verlangde hoeveelheid **ACCENT**® met 'n klein bietjie water tot 'n gladde room sonder enige oorblywende korrels.

VERMENGING:
Maak die spuittenk halfvol met water.
Voeg die verroomde produk by deur 'n sif.
Maak vol tot die verlangde volume terwyl geroer word en gaan dan soos volg voort:

Hoë volume (bv. grondtoediening)
Voeg die verlangde hoeveelheid bymiddel by die spuitmengsel en wag tot dit deeglik vermeng is voor toediening.

NOTA : Maak seker dat deeglike roering van die spuitmengsel (te alle tye) volgehou word.

TOEDIENING:

1. Grondtoediening :
Dien toe deur middel van `n trekker-gemonteerde balkspuit wat korrek gekalibreer is om ten minste 200 ℓ spuitmengsel per hektaar teen `n konstante spoed en spuitdruk (100-200 kPa) te lewer om sodoende `n eweredige dekking te verseker. Voorkom oorvleueling van aangrensende spuitbane. Sluit die toevoer na spuitneuse af wanneer tenk gevul word; wanneer stadig beweeg of wanneer gestop word, om oormatige toediening te voorkom.
2. Wegdrywing van sproeisel:
Vermy wegdrywing van spuitstof na aangrensende gewasse.

BYMIDDELS:
Die gebruik van benattingsmiddels, bv. PARTNER 650 (Reg. Nr. L5642 Wet Nr. 36 van 1947), teen ‘n dosis van 0,1-0,2% (100-200 mℓ per 100 ℓ spuitmengsel) of Agal 90 (Reg. Nr. L2987 Wet Nr. 36 van 1947) teen ‘n dosis van 0,1% (100 mℓ per 100 ℓ spuitmengsel) of Trisure S (Reg. Nr. L7141 Wet Nr. 36 van 1947) teen ‘n dosis van 0,3% (300 mℓ per 100 ℓ spuitmengsel) word altyd aanbeveel.

GEWAS	GRONTIPE	DOSIS	OPMERKINGS
MIELIES: (nie suiker-mielies, saadmielies of springmielies nie)	Alle tipes	60 g/ha **ACCENT**® plus Partner 650 @ 100-200 mℓ/100 ℓ spuitmengsel of Agral 90 @ 100 mℓ/100 ℓ spuitmengsel of Trisure S 300 mℓ/100 ℓ spuitmengsel	**VROEë NA-OPKOMS TOEDIENING (Slegs vir kultivars gelys in Tabel 1)** : • Dien na-opkoms bo-oor die mielies toe wanneer die gewas in die 2-5 blaar stadium is. Gebruik slegs op die kultivars soos gelys in Tabel 1 hieronder) • Spuit wanneer die onkruide opgekom het en aktief groei maar voordat die maksimum groeistadium soos in Tabel 2 hieronder bereik is. • **Waarskuwing: ACCENT**® sal groot skade aan die gewas veroorsaak indien dit voor,na of in tenkmengsel met organiese fosfaat insekmiddels gebruik word. Dit geld ook vir oganiese fosfaat insekmiddels wat tydens plant in die plantvoor gebruik gebruik word. Vir meer besonderhede verwys na die seksie oor verenigbaarheid op die etiket. **LAAT NAOPKOMS TOEDIENING:** • Dien toe as ‘n gerigte bespuiting slegs wanneer die mielies in die 7-10 blaar stadium is. • Dien toe d.m.v valarms om bespuiting direk binne in die mieliekelke te voorkom. Verseker deeglike bedekking van die teiken onkruide. • Spuit wanneer die onkruide opgekom het en aktief groei maar voordat die maksimum groeistadium soos in Tabel 2 hieronder bereik is. • **Waarskuwing: ACCENT**® sal groot skade aan die gewas veroorsaak indien dit voor,na of in tenkmengsel met organiese fosfaat insekmiddels gebruik word. Dit geld ook vir organiese fosfaat insekmiddels wat tydens plant in die plantvoor gebruik word. Vir meer besonderhede verwys na die seksie oor verenigbaarheid op die etiket. **ALGEMEEN :** Hergroei van Sorghum spesies mag voorkom wanneer die gewas geskoffel word binne 10 dae voor of na die toediening van **ACCENT**®.

Tabel 1. Mieliekultivars wat tolerant is teenoor ACCENT® wanneer toegedien naopkoms in die 2 tot 5 blaar stadium van die gewas .

GEEL KULTIVARS	WIT KULTIVARS
PAN 6000Bt, PAN 6012Bt, PAN 6804, PAN 6114, PAN 6118, PAN 6026, PAN 6710, PAN 6734, PAN 6730, PAN 6364, PAN 6740, PAN 6310, PAN 6316, PAN 6314Bt, PAN 6326RR, PAN 6036Bt, PAN 6146, PAN 6480, PAN 6256, PAN 6616, PAN 6614, PAN 6568, PAN 6966	PAN 6011, PAN 6017, PAN 6615, PAN 6823, PAN 6013Bt,PAN 6825, PAN 6845, PAN 6029, PAN 6757, PAN 6061, PAN 413, PAN 67
PHB 31B13, PHB 33A63, PHB 3335, PHB 33A14, PHB 33P66, PHB 3223, PHB 3394	PHB 32Y52, PHB 32H39, PHB 3203,

Tabel 2. Onkruidespesies wat normalweg deur ACCENT® beheer word vanaf die saailingstadium (1-2 blaar) tot die stadium soos aangedui.

BOTANIESE NAAM	GEWONE NAAM	MAKSIMUM ONKRUID STADIUM BY TOEDIENING
SORGHUM SPESIES:		
Sorghum bicolor subsp. *drummondii*	Wilde Graansorghum	Tot 7 blaar
Sorghum halapense	Johnsongras	Tot 7 blaar
Sorghum bicolor subsp. *arundinaceum*	Gewone Wilde sorghum	Tot 7 blaar
GRASSE:		
Panicum schinzii	Soet buffelsgras	Tot syhalms gevorm word
Setaria pallidefusca	Rooiborselgras	Tot 4 blaar
Rottboellia cochinchinensis	Tarentaal (Shamva) gras	To 4 blaar
BREËBLARE:		
Amaranthus thunbergii	Rooi misbredie	4 blaar
Amaranthus deflexus	Meerjarige misbredie	4 blaar
Cleome monophylla	Enkelblaar cleome	6 blaar
Datura stramonium	Stinkblaar	4 blaar
Schkuhria pinnata	Klein kakiebos	3 blaar
Tagetes minuta	Kakiebos	4 blaar
Tribulus terrestris	Gewone dubbeltjie	4 blaar